

Skriflesing: Psalm 2Teks: **Psalm 2:6**Sing- **VOORSANG: Ps. 48:4,5****TYDENS EREDIENS: Ps. 36:2,3; Ps. 36:1; Ps. 42:1,4; Ps. 89:6,13; Ps. 2:4,6****Psalm 2****Psa 2:1** Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?**Psa 2:2** Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê:**Psa 2:3** Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!**Psa 2:4** Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle.**Psa 2:5** Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik:**Psa 2:6** **Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.****Psa 2:7** Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.**Psa 2:8** Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.**Psa 2:9** U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.**Psa 2:10** Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde!**Psa 2:11** Dien die HERE met vrees, en juig met bewing.**Psa 2:12** Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!**Skriflesing:** Psalm 2Teks: **Psalm 2:6**Sing- **VOORSANG: Ps. 48:4,5****TYDENS EREDIENS: Ps. 36:2,3; Ps. 36:1; Ps. 42:1,4; Ps. 89:6,13; Ps. 2:4,6**

Psalm 2 is op 'n besondere manier 'n Psalm vir dié Suid-Afrika wat ons vandag in leef, broeder en suster. Ek wil so vêr gaan om te sê dat in die land se geskiedenis was daar nog nooit soveel bandeloosheid, korrupsie opstandigheid, minagting vir wat reg en skoon is, soos wat tans in ons land gebeur nie. Woorde kan moeilik beskryf wat alles in die laaste 10 jaar verkeerd gegaan het. Dit onderskryf eenvoudig in dik swart letters dit wat ons belydenis aanstons in Sondag 3 ook gaan wees. Die vreemdelingehaat, die verskriklike geweld teen vroue en kinders is dieperliggend teken van 'n groot anargie en gemors wat besig is om oor te kook. Psalm 2 verwys in die oorspronklike ook na mense wat agiteer, wat rebelleer, wat die orde uitdaag. Die woord vertaal as die nasies woel, het te make om te agiteer, daar word 'n komplot gesmee. Soms as ons na ons regering en die staatsdiens kyk dan wonder ek wat is daar wat nog reg is?! Dis eenvoudig verskriklik hoeveel geld al gesteel is, hoe hierdie land in die grond in bestuur word.

Hiermee in gedagte is Psalm 1 wat ons verlede Sondag by was en Psalm 2 eintlik baie naby mekaar, maar ook naby aan die Suid-Afrika van vandag. Sommige sê dat Psalm 2 is eintlik 'n praktiese toepassing van Psalm 1. Psalm 1 gaan oor die Wet, daarin staan God se Woord. Psalm 2 gaan oor die wêreld. Psalm 1 gaan oor goddelose, gekontrasteer teen die regverdiges. Psalm 2 kontrasteer weer die geheiligde gesalfde koning teenoor die nasies. Psalm 1 handel oor ons

persoonlike lewe. Psalm 2 bring die geskiedenis by. Dit gaan ook oor die historiese bewussyn wat daar in ons lewe moet wees. Psalm 1 handel oor die individu, dit wat individueel jou en my raak. Psalm 2 gaan oor die universele. Die hele universele wêreld, ja alle konings moet dit maar weet, ook regerings vandag, dat wie teen God en sy Gesalfde opstaan, loop 'n doodlooppad, tegelyk 'n dodelike pad. Net soos Psalm 1 al gewys het op hoe die goddelose se pad tot ondergang lei (vers 6). In Psalm 1 was daar ook die antitese, die teenstelling tussen die mens wat geregverdig is, hulle wat lewe by God se Wet, hulle wat die bome by die waterstrome is, hulle staan in skrilte kontras met die goddelose mens. Psalm 1 het vir ons gesê dat die goddelose mens sal wees soos kaf wat deur die wind uitmekaargewaai word. Goddelose mense sal nie bestaan in die oordeel nie, hulle sal nie kom in die vergadering van die regverdiges nie.

Die kontras of die antitese, soos ons dit dan ook kan noem, tussen die regverdiges en die goddeloses is alreeds so groot, maar nou kom Psalm 2 vanoggend na ons met eintlik nog 'n groter antitese. Die kontras tussen God en die mens, spesifiek die mens wat dink hy/sy kan teen God rebelleer. Ons lees in Psalm 2 sterk lyne wat natuurlik in die boek Openbaring, die laaste boek in God se Woord, net nog sterker en sterker deurkom. Die dier uit die see en die dier uit die aarde, ja daar waar Satan met die antichriste en valse profete van hierdie wêreld saamspan (lees maar Openbaring 13) daar het ons werklik met die grootste van booshede in hierdie wêreld te make.

Psalm 2 het hierdie booshede hoegenaamd nie misgekyk nie. Die Psalm begin as't ware doodluiters deur aan ons te vra- *1 Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?* Op hierdie vraag moet daar geantwoord kan word. Mag ons iets van hierdie antwoord vandag in die Psalm vind, maar net so as ons kom by Sondag 3 van die Kategismus dan sal 'n verdere deel van die antwoord sekerlik ook daar gevind kan word. Laat ons ook eers rofweg die Psalm in sy vier dele deel. Elke deel bestaan uit drie verse. Eers is dit die nasies wat teen God en teen sy Gesalfde spreek. Daarna vanaf vv 4-6 dan praat God met die nasies. Die deel wat ons teksverse ook deel van is. In vv 7-9 dan praat die gesalfde Koning. Ja, geliefdes ons moet hierin al Christus se stem ook hoor. Die grootste van die Konings wat daar ooit kon wees. Hy wat God se Woord so direk op Hom kan betrek. In die laaste plek dan is die digter (wat dalk ook

dieselfde as die koning kan wees), dan ook aan weer aan die woord. Hy praat weer met al die nasies.

Ons het aanvanklik duidelik gelees van die konings van die aarde ... vers 2 en 3: *2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: 3 Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!* Dit is uitdagende mense wat ons hier mee te doen het. In die Hebreeus herinner hierdie mense se opstandigheid nogal aan die gedruis van die see. Ja, as daar na die gerammel van donderweer geluister word, dan is dit asof die mens dit wil namaak.

So raak Psalm 2 al meer met die nasies van die aarde besig. In ons teksverse is daar veral twee sentrale woordjie met die mees omvangryke betekenis wat ons nie mag mislees nie.

Die '83- Vertl het dit wel goed saamgevat deur te vertaal dat *Dit is Ek ... Die Here sê - 6 "Dit is Ek wat hom as my koning gesalf het op Sion, my heilige berg."* Die ouer vertalings stel dit nader aan die oorspronklike as daar staan – *EK TOG ... 6 Ék tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.* Watter besondere gebeurtenis lê hierin. Ons kan selfs Psalm 2 noem, soos wat Grosheide dit doen, die lied van die goddelike *ek tog ...* Net daardie twee woorde EK TOG ... wys dat God net met 'n enkele paar woorde die planne van regerings en lande en opstandelinge kan omvêrwerp. God sal Sy reg op hierdie aarde bly handhaaf. Anders gesê dat die God wat in die hemel is, Hy wat nie uit die aarde, aards is nie, Hy is in sy almag besig om die wêreld al meer en meer na die eindoordeel te stuur.

Dit alles is alleen moontlik omdat daar 'n bepaalde salwing plaasgevind het, 'n salwing groter as maar net 'n koning wat gesalf is. Ja, Psalm 2 se eerste toepassing was sekerlik tydens 'n troonbestyging geskryf. Wanneer die konings in Juda die troon bestyg was daar so dikwels 'n uitdaging waar ander probeer het om die aangewese koning se gesag te toets. Om die koning se regering omvêr te werp. Ja, die Psalm waarsku daarteen, waar ander mense 'n gewoon aardse koning in Israel, maar wat tog wel as gesalfde koning beskou moes word teen hom wou opstaan. Hulle so 'n koning met allerhande vyandige en bose planne wou omvêrwerp. Om só teen God en sy gesalfde te spreek wys op 'n gees van rebellie en opstandigheid.

Wanneer ons egter dieper hierop ingaan en ons glo soos Martin Luther die man wat die kerkhervorming laat posvat het, dan sê hy dat God se Woord openbaar wel God se planne vir die wêreld maar in die sentrum, in die kern van al God se planne is die lewende Woord van God, Hy wat Jesus Christus is. Luther het dit eintlik so mooi gesê as hy skrywe dat in die Bybel het ons die woorde van God maar wat ons moet verstaan as die Woord van God, is Jesus Christus. So bou Psalm 1 en Psalm 2 op die manier ook 'n brug na mekaar. Psalm 1 waar die Wet sentraal staan, dit dag en nag oordink moet word, daarin kom jy by die raamwerk uit van hoe God die regverdige die wêreld wil instuur, met sy Woord wat dan ook sy Wet insluit, maar nou kom Psalm 2 en die Psalm laat ons hoor en laat ons glo hoe hierdie Woord ons wêreld inbeweeg, hoe daar dwarsdeur die geskiedenis op hierdie Woord gereageer sal word. Opstandig, vyandig, met weersin, uitlokkend, spottend, mense wat die Woord minag. Tog staan ons teksverse soos 'n toring wat bo al die mense-Babeltorings uittoon, daar waar die mense hulle torings wil bou, het ons nie net met 'n toring van God te doen nie, maar wel het ons met God se troon te doen.

Vers 6 ons teksverse is die vers wat die sleutel tot alles bied. God tog het opgestel, Hy het gesalf, Iemand op die troon gesit, daar op sy heilige berg, wat wys op sy heilige teenwoordigheid, ook vandag vir ons dwarsoor die wêreld, Hy is Jesus Christus. Wanneer ek, die geregverdigde nie by Hom kan uitkom nie, gaan ek nêrens uitkom nie. Sonder Hom gaan die wêreld nêrens kom nie. Hoor u dit wat Christus sê as ons in vv 7 tot 9 dit as Christus se stem vertolk. Hy wat dan letterlik in soort van sy Persoon, die eerste Persoon spreek. Ons moet dit in die ouer Vertl lees om die werklik aangrypende die naaste aan ons te bring- *7 Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. 8 Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. 9 U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.*

Wat ons uit hierdie baie ryke verse tot 'n slotsom moet bring, geliefdes, is dat u nie vir 'n oomblik moet vergeet dat in die woorde en werk van Jesus Christus lê die sekerheid van God se heerskappy oor die hele aarde. God se Seun regeer, Hy wat die Vader vir ons gegee het om ook oor ons te regeer. Hy wat Sy Heilige Gees oor ons uitgestort het. In die God wat soos die Psalm dit stel, *4 Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle ...ja daarin lê die Ek tog van die Here diep ingebed. Daar is hulle wat verpletter sal word, u het dit gehoor, hulle wat stukkend*

geslaan word soos 'n erdepot kan opbreek, dit met 'n ysterstaf verpletter. Hoe bly en dankbaar moet ons nie wees dat dit nie die laaste woord in die Psalm is nie, maar vir die sondaar kan daar bekering wees, al is hy/sy 'n koning – By bekering kom verstandigheid te pas- *10 Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! 11 Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. 12 Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam.* As u u laat waarsku, daar is by ons bekering, besef u dit wat Psalm 1 se eerste woord was, is vandag Psalm 2 se laaste woord- weer die besondere Welgeluksalig - *Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!*

AMEN

Sing Ps. 89:6,13**LEERPREDIKING****Sondag 3****VRAAG 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?**

Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

VRAAG 7-Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

VRAAG 8-Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word

Skriflesing

Psa 2:1 Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?

Psa 2:2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê:

Psa 2:3 Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!

Broeder en suster - In Sondag 2 was ons oor onself pynlik eerlik. Psalm 2 is ook 'n baie eerlike reguit Psalm ... Waar liefde moet wees is haat. Psalm 2 bevestig dit alles - *2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê:*

3 Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Besef u saam met die konings, ook ons is van nature geneig om God te haat, ons naaste te haat. Dit is hoe sondig en verkeerd ons is! Uit onself tot niks goed in staat nie, wel in staat om te haat. Daar word geworstel met die feit hoekom ek is soos ek is. Is dit God se skuld dat ek in myself hierdie haatlike natuur rondra? Waar kom dit dan vandaan? Kan daar iets aan gedoen word?

Geliefdes, dis hoe eerlik ons belydenis die vrae wil vra. As iemand baie ernstig siek is, dan is dit tog maar die beste nie om sy siekte vir hom/haar weg te steek nie, maar praat eerlik daaroor, kyk daarna, aanvaar dat uit hierdie ernstige siekte jy dalk nie kan opstaan nie. As ons die erns

hiervan sou wegsteek, dan sou dit dieselfde wees as om vir jou kind gif in te gee, maar ek het 'n suikerlagie om die gif gesmeer. So wil God nie met sy kinders werk nie.

In-en uit die mens self is daar nog geen bewys en geen vermoë tot verbetering nie. Mense haat mekaar, verneuk mekaar, verkoop mekaar, kyk na ons land, kyk na die politiek. Uit Psalm 2 as die mense begin praat, dan word daar teen God en sy Gesalfde gepraat. Ja, die begin van Psalm 2 dra die bewyse van Sondag 3 lewensgroot. Ons besef ook die swartste nag van die mens se bestaan het oordag gebeur toe die sondeval plaasgevind het. Genesis 3 en dit word Sondag 3.

Die skepping het geen skuld aan die sondeval nie, so min soos wat ons vir God skuld kan gee vir die sondeval. Die skepping was goed. In Genesis 1 is dit van die begin af duidelik dat God nie net alles goed gemaak het nie maar *baie goed*. En asof dit nog nie goed genoeg is nie, word daar bygevoeg die mens is na God se ewebeeld geskape.

Hoe goed, ons kan maar net die woorde van ons belydenis nasê. In ware geregtigheid, in ware heiligheid, hy kon God sy Skepper reg ken, hy kon saam met Hom in die ewige saligheid lewe... Alles sou kon wees om God te loof en te prys, so goed was dit, so heerlik was die beeld waarin God die mens geskape het. Hiermee het ons God se goedheid, die volmaakte skepping en die diepste bedoelinge wat daar by God kon wees in gedagte.

Die aarde, die voetbank van God se voete, het die Here op 'n besondere manier ook die aarde onder die mens se voete geplaas. Die mens moes vir God soos 'n ambassadeur op hierdie aarde wees, as verteenwoordiger, maar nog mooier, dit gaan oor om vir God koning te wees in Sy skeppingsryk, wat al 'n koninkryk was. Die mens wat moes heers impliseer 'n onder-koning onder die groot Koning wat alles geskape het. Die mens moes 'n medewerker vir God wees, omdat ons so beeld van God kon wees.

Hier sien ons die hoë afkoms en die hoë posisie waarin die mens geskape is, wat reeds die heerlikheid van God se verbond uitspel. Wanneer die Here na die mens sou kyk sou die Here iets van sy eie grootheid en heerlikheid in die mens wou raaksien. Calvyn het gepraat van dat die mens God se spieëlbeeld op aarde moet wees. As ons Psalm 8 lees dan kan mens sê dat God

het die mens byna goddelik gemaak. Psalm 8 is so duidelik dat die mens met eer en heerlijkheid gekroon is, sodat ons die heerlijkheid van God op aarde kan wees.

Wonderlik goed was alles geskape. Vir Adam en Eva was die kultuur, die omgewing, die diere en plante in volmaakte harmonie. Hulle het selfs die diere al hoe beter kon leer ken. Met een oogopslag kon hulle na hulle aard kyk en hulle dan ook benoem. Hulle gee die diere name. Dis al wetenskap. Die slang was ook reeds 'n benoemde maar nie 'n ten volle gerekende nie. Dat Eva haar kon verwonder aan 'n slang wat woorde spreek was seker vir haar eienaardig maar die wêreld waarbinne hulle gelewe het, was in alle geval een groot wonder waar daar nog soveel ontdekkings gemaak kon word.

Tussen al hierdie mooi en wonderlike woorde, het u agtergekom, daar is nie eenmaal iets genoem wat die mens van God se kant lelik kon maak nie. Daardie lelike woord, van Sondag 2, dat ek van nature geneig is om te haat is glad nie by die skepping van die mens te vinde nie. Die van nature kom nie uit die natuur van die skepping nie, nee daar moet 'n ander natuur ook wees. Dit wat die mens 'n verdorwe natuur sou gee.

Die mens het die beeld van God met sy eie verbeelding wou vervang. Die mens wou nie meer na God se beeld en gelykenis geskape wees nie, néé, die mens wou aan God gelyk wees. Die mens wou nie net meer kind van God en onder-koning wees nie, nee die mens wil koning wees, die mens self wil god wees. Dit alles begin en gebeur rondom 'n boom. Daar het die mens geval, daar het die eerste ongehoorsaamheid deel van ons geword. God se opdrag was bewoon, bewerk, maar ook bewaar. Om op te bou het alreeds bewaring ingesluit. Veral in die omgewing van die twee bome in die tuin, die boom van kennis van goed en kwaad en die boom wat in sy wortels as die boom van die lewe geplant staan, was daar alreeds kwade bedoelinge.

Die slang waar die meester in sy stem en sy verkulling nie maar net 'n gekrulde slang is nie, maar 'n leuenaar by uitstek, hy spreek op die oor af woorde van waarheid as satan God goed noem en dat God die goeie van die bome aan die mens gegee het om daarvan te mag eet en te mag lewe. Dit klink waar en dit klink mooi. Die twee bome staan in alle geval in besondere verband want die goeie en die lewe kan nie vanmekaar geskei word nie. Die bome het in die sin

al 'n verbond met mekaar gevorm. Gebeur daar by die een boom wat nie reg is nie sal die gevolge by die ander boom wel nie uitgesluit kan word nie.

Geliefdes, tussen hierdie bome het groot dinge gebeur, verskriklike dinge, slegte dinge, want mense het van die bome gemaak wat God juis nie daarvan wou maak nie. Die mens se uit die boom uit val, was die sondeval, want al die tyd was die boom en die slang, nie die werklike oorsaak van die sondeval nie. Satan het wel die mens wou aanval, daarop dui die val en verleiding van Satan, maar toe het die mens beslis 'n keuse gehad om doelbewus aan God gehoorsaam te wees en nie van die boom te eet nie. Om vir die duiwel te kon sê, ek wil van hierdie boom nie eet nie, nee duisendmaal meer wil ek eerder van die boom van die lewe in die ewige lewe eet.

Die mens se keuse en daaruit die mens se geskiedenis hoef ek u nie te vertel nie. U ken dit, u weet dit, want u beleef dit. Die mens wat geval het, het die wêreld laat val. So ingrypend, dat elke sterfbed, elke droogte, elke graf, klein en groot, ver of naby u, elke dier wat van u weghardloop, 'n skaap, 'n bees, bok, wat van droogte vrek, daardie kyk in die oë van 'n leeu of luiperd wat mens kan storm, die siektes en seer wat in 'n mens se liggaam kan kom sit, so ongenooïd, maar dis daar. Dit alles broeder en suster, het tussen die blare van daardie boom ope gevou. Van toe af is die harmonie in die skepping, alle verhouding tussen mens en God, tussen mens en mens, tussen mens en dier is verwring en geskend. Hierdie kwaad het die totale natuur ingedring, en in dit alles die natuur van die mens.

Die eerste moord word byna by die tuinkekkie gepleeg, op godsdienstige terrein, ja dit is 'n kerkmoord as Kain sy broer rondom die altare doodsla, wel net so 'n entjie daarvan af. In die veld, want die mens sal mos maar altyd probeer om hierdie dinge te wil wegsteek en te probeer wegkruip. Om te ontken dat daar erfsonde is, is om te wil erken dat die mens eintlik nog net so goed kan wees, soos toe God die mens in die paradys gemaak het.

As verdorwene het die mens verdorwe kinders voortgebring, dit glo en bely ons uit die Dordtse Leereëls Hfst ¾ par.2. Die Dordtse Leereëls sien die mens en sy kind as 'n totale blinde, duistere beroofde, ydele, verdorwe, bose, harde mens, wie se verstand en wie se wil en wie se

gesindheid al hierdie verskriklike dinge openbaar. Hierdie kwaad is deel van voortplanting die oomblik toe die mens self hierdie kwaad ingeplant het. Niemand sondig alleen of in isolasie nie. Sonde het altyd 'n greep om ander altyd daarby in te trek, met of sonder verskoning.

Ons wat almal oos van Eden lê, vandag nog, die belydenis vra dit nog weer 'n keer as hierdie verskriklike natuur nog weer opstaan- Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is? Die antwoord is kort, al wat ons kan sê is- ja, ek is só? Die sonde eet ons op, al was dit die mens wat gedink het om eerste die sonde te wil proe. Om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad het die eerste sonde moes word wat alle kwaad sou inlei. Daar is geen enkele sonde wat nie 'n aansluiting in elke mens vind en waarin hy/sy nie kan verval nie.

Geliefdes, tog mag ons vandag afsluit met 'n wonderlike troos. Die Kategismus bly vir ons 'n troosboek. Ons sien dat Sondag 3 het in werklikheid twee geboortes! In antwoord 7 was ons eerste geboorte, ons gewone geboorte waar ons in sonde ontvang en gebore word. In hierdie eerste geboorte is ons as mense gebore, wat sondaars is. Ons kan niks anders as sonde doen nie. Antwoord 8 het 'n tweede geboorte. Die wedergeboorte deur die Heilige Gees. Om vandag ook dit te kon hoor- 'n geboorte uit die Heilige Gees, is om in Christus gebore te word. Hoe wonderlik om in die diepste ellende hierdie wonderlike troos te mag ontvang. Wat vir mense onmoontlik is, dit is vir God moontlik. In 2 Kor.3:5 dan staan dit ook- *Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God...* Tussen wat ons vandag gehoor het- is daar net twee weë – of ons gaan verlore of ons word wedergebore.

Die vraag is, is dit nie, maar ook die kern van Psalm 1 en Psalm 2 waarmee ons vroeër vandag mee besig was nie. Kom by God en Sy Gesalfde uit- *ja welgeluksalig is almal wat by Hom skuil.*

AMEN